**Van Wyk, J H 1999 – Lewe in liefde: Moraliteit vir die markplein**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 95 bladsye. Prys R35,00

**Resensent: Dr Kobus Labuschagne**

Die boek is ingedeel in 4 dele. Deel I hanteer 'n aantal inleidende sake, soos: Skrifverstaan vanuit die Calvinisme (baie kortliks), die Potchefstroomse hoek van waaruit geteologiseer word (wat deurgaans in die boek gehandhaaf word), middelmatige en fundamentele sake, ensovoorts. Deel II handel oor seksuele en mediese vrae: aborsie, kloning, die kwessie van wettiging van prostitusie. Deel III bespreek "politieke vrae": koninkryk van God en politiek, kommentaar op die verslag van die Waarheids- en Versoenings-komississie (WVK), godsdiens en misdaad, die reformasiebeskouing oor verset. Deel IV bespreek "waarheid en liefde". Aangeheg is ook 'n "voorstel vir 'n getuienis oor versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing".

Die boek is taalkundig goed versorg en lees baie gemaklik. Die hoofstukke is hoofsaaklik geneem uit die skrywer se bydraes in kerklike blaaie. Enkele lesings is ook opgeneem. Onderwerpe word baie kortliks en oorsigtelik aangebied. Behalwe dat daar hier en daar kortliks verwys word na die Calvinisme, mis 'n mens 'n redenering wat ook ander stemme uit verskillende teologiese tradisies aan die woord stel. Alles kom neer op die skrywer se eie persoonlike mening. Onderwerpe is so oorsigtelik aangebied dat dit nie meer as inleidende en voorlopige opmerkings beskou moet word nie. Die waarde van die boek lê dus daarin dat die gewone lidmaat dit maklik kan lees en vinnig 'n paar basiese gedagtes oor 'n onderwerp kan versamel.

Die perspektief wat oor die Suid-Afrikaanse samelewing aangebied word, reflekteer die mode van wat *nou* in die huidige situasie gerieflik aangebied kan word, is dus nie baie indringend nie (en is waarskynlik ook nie so bedoel nie), en kan krities beskuldig word van ietwat van 'n tonnelvisie. Die teoloog sal ook soek na 'n grondige *teologiese* begronding van 'n etiek vir die samelewing. Die titel van die boek kom ook nie tot reg nie; onder "markplein" sou verwag word dat hoofsaaklik ekonomiese kwessies Christelik - eties beoordeel sou word, maar daarvan kom nie veel tereg nie.

Nietemin bly dit 'n handige boek vir 'n persoon wat vinnig en oorsigtelik 'n idee wil kry van die etiese kwessies wat genoem word in die boek. Die boek kan daarom aanbeveel word.